# VOORWOORD

Die Departement Korrektiewe Dienste is lank reeds ’n dinamiese Departement wat voortdurend verander ten einde sy doelwitte te bereik.

Penitensiêre Penologie word dan ook direk geraak wanneer veranderings binne inrigtingsverband ter sprake is. Hoë misdaadsyfer is en bly ’n aktuele onderwerp en die publiek is van mening dat wetteloosheid hoogty vier sonder dat die owerhede iets daaraan kan doen. Hierdie siening word dikwels geregverdig deur stellings soos; moordenaars loop vry rond, tronke is oorvol as gevolg van die hoë misdaadsyfer, howe is onbevoeg om die groot gevalle-lading te hanteer ens.

In hierdie ondersoek gaan die hipotese of misdaad regtig so toeneem soos wat gesê word, getoets word. Die hoofdoel van hierdie ondersoek is om spesifiek te gaan kyk waarom gevangenisse so oorvol is en wat daaraan gedoen kan word om hierdie syfers te laat daal.

Die Departement Korrektiewe Dienste is op 21 Desember 1990 weer as ’n volwaardige Departement ingestel. Gedurende 1991 word Korrektiewe toesig as strafvorm ingestel wat tot gevolg het dat ’n straf nou ook buite die gevangenis uitgedien kan word, maar 13 jaar later is gevangenisse steeds oorvol. Die vraag kan dus gevra word; het Korrektiewe toesig as strafvorm geslaag in Suid-Afrika?

’n Ander aspek wat groot veranderings teweeg gebring het, is die Wet op Arbeidsverhoudings (Wet 66/1995). Die inwerkingstelling van hierdie wet het dan ook ’n nuwe dissiplinêre kode vir korrektiewe beamptes die lig laat sien op 1 Julie 1997. Vakbonde het ook ’n al groter rol begin speel en die totale bestuurstyl van gevangenisse is hierdeur geraak. Demilitarisering op 1 April 1996 het ’n einde gebring aan die militêre rangstelsel binne Korrektiewe Dienste en dissipline onder personeel is negatief beïnvloed. ’n Nuwe vrylatingsbeleid is gedurende 1998 in werking gestel en ’n nuwe voorregtestelsel vir gevangenes is ook op 1 November 1998 geïmplementeer. Dissipline onder gevangenes het dus ook ’n omwenteling beleef.

Bogenoemde veranderings sedert 1990 het stuk-stuk plaasgevind en kan gesien word as foto’s wat van tyd tot tyd geneem is van Korrektiewe Dienste. Die 10 jaar van demokrasie het beslis ook ’n groot rol gespeel in die manier waarop Korrektiewe

Dienste sy rol in die Strafregsplegingstelsel moes volstaan. Wanneer die afgelope 10 jaar dus in oënskou geneem word, stel dit ’n “video” van Korrektiewe Dienste voor waar ’n geheelbeeld geskep word in teenstelling met “stil foto’s” wat slegs spesifieke aspekte uitlig.

In hierdie ondersoek word die “video” van Korrektiewe Dienste in detail bekyk om vas te stel wat bereik is en of dit voldoen aan die doelwitte wat gestel is vir Korrektiewe Dienste.

Nuwe uitdagings word daagliks aan ons gestel en daarom gaan daar ook spesifiek gekyk word na wat tans binne Korrektiewe Dienste aan die gebeur is en watter toekomsgerigte projekte onderneem gaan word. Die aanstelling van ’n nuwe Minister en Adjunk-minister vir Korrektiewe Dienste word ook gesien as deel van die toekomsplanne van hierdie Departement. Mnr Ngconde Balfour is ’n ou bekende (voormalige Minister van sport) en die ywer waarmee hy sy taak aanpak sal beslis tot voordeel van Korrektiewe Dienste wees. Ook die Adjunk-minister, Me Cheryl Gillwald is geen groentjie wanneer dit kom by die Strafregsplegingstelsel nie. Sy was nou betrokke by Justisie en ook Grondwetlike sake.

Korrektiewe Dienste wil elke beampte ’n rehabiliteerder maak. Met die onlangse goedkeuring van die “White Paper on Corrections” deur die Parlement is die weg gebaan vir ’n nuwe rigting waarbinne rehabilitasie tot sy reg kan kom. Minister Balfour het reeds genoem dat gevangenisse verander moet word in korrektiewe sentrums waar gedragsveranderings moet plaasvind. Maatskaplike ontwikkeling van gevangenes is ook baie hoog op die agenda. Die rol van die gemeenskap is ook ’n baie belangrike aspek wat dringende aandag sal geniet.

In hierdie ondersoek word daar gepoog om u, die leser, meer perspektief te gee oor aspekte wat direk verband hou met oorbevolking van gevangenisse in Suid-Afrika en ook die moontlike oplossings wat bestaan ten opsigte van laer, meer hanteerbare aanhoudingsgetalle waarbinne rehabilitasie baie beter tot sy reg kan kom.

Verandering vind voordurend plaas ten einde doelwitte na te streef. Baie mense beleef verandering negatief en wil bly vasklou aan die dinge in die lewe wat volgens hulle reg werk. Die realiteit is dat die wêreld om ons voortdurend verander en daarom is ons genoodsaak om ook aanpassings te maak ten einde deel te wees van

hierdie veranderings. Dit is egter die wyse waarop daar aangepas word by hierdie veranderings wat dit positief of negatief maak.

Die misdaadverskynsel is ’n komplekse situasie wat deur baie rolspelers aan mekaar verbind word. Korrektiewe Dienste is ook net een van die Departemente wat betrokke is by die Strafregsplegingstelsel en daarom sal daar in hierdie ondersoek nie na Korrektiewe Dienste alleen gekyk word nie, maar ook na die ander rolspelers wat saam ’n verskil kan maak aan die misdaad-situasie in Suid-Afrika.

Om die omslagtige “hy/sy” verskynsel te vermy, is “hy” deurgaans in die teks gebruik. Ek vertrou dat niemand hierdeur aanstoot sal neem nie.

Ten slotte wil ek graag die volgende persone en instansies bedank vir hulle insette wat dit vir my moontlik gemaak het om die navorsing in hierdie ondersoek te kon voltooi: Die Hoofde van gevangenisse by Malmesbury, Goodwood, Pollsmoor, Robertson, Worcester Mans- en Vrouegevangenis; Die Korrektiewe toesig kantoor op Worcester (Mnr Pieter Swart); die Senior Staatsaanklaer op Worcester (Me Mostert) en ook Sup Coetzee en Mnr Axakhoeb wat my bygestaan het tydens my besoek aan Swakopmundgevangenis in Namibië.

Ek wil ook spesiale melding maak van die hulp wat ek ontvang het van Regter Hannes Fagan en Mnr Gideon Morris by die kantoor van die Inspekterende Regter. Groot dank ook aan Kevin Hustle van “Besigheid teen Misdaad” in die Oos-Kaap, Departement Justisie (Port Elizabeth) en die personeel van St Albansgevangenis. My opregte dank ook aan Kapt Alma Herselman van die SAPD Kaapstad wat my behulpsaam was tydens my besoek aan “Besigheid teen Misdaad” in die Wes-Kaap.

Ek wil ook my dank betuig teenoor die groot aantal gevangenes wat vraelyste oor oorbevolking voltooi het.

My dank ook aan Prof Cilliers vir die besondere wyse waarop hy my bygestaan het oor die afgelope 14 jaar. Die ondersteuning wat ek van my familie ontvang en veral van my moeder was en bly een van die motiverings vir die voltooiing van hierdie ondersoek.

Ek wil ook my Skepper bedank vir die geleentheid om so ’n groot projek aan te pak en te voltooi. Op eie stoom sou ek nooit enige sukses kon behaal nie.

Laastens wil ek ook ’n baie spesiale woord van dank rig aan Marius Rossouw vir die tegniese versorging, tik en drukwerk van hierdie navorsingsverslag.

## Opsomming:

In hierdie navorsingsprojek word die oorbevolkingsprobleem in Suid-Afrikaanse gevangenisse ontleed, maar daar word ook gekyk na die invloed van hierdie probleem op die rehabilitasie van die oortreder.

Wanneer goedgekeurde akkommodasietotale van gevangenisse vergelyk word met werklike aanhoudingsyfers kom dit duidelik na vore dat Suid-Afrika met ’n geweldige probleem te kampe het binne die totale Regsplegingstelsel.

Gevangenisstraf is ’n gewilde strafvorm wat wêreldwyd toegepas word, maar al hoe meer stemme gaan op vir die daarstelling van alternatiewe vonnisopsies om oorbevolking te bekamp. In Suid-Afrika is 4 uit elke 1000 mense tans in die gevangenis.

Die omkeertyd vir die afhandeling van kriminele sake, toestaan van borg, vrylating op eie verantwoordelikheid, die afskaffing van minimum vonnisse en beter benutting van Korrektiewe toesig as strafvorm, sal oorbevolking op die langtermyn bevoordeel.

Baie word gedoen om effektiewe rehabilitasie binne inrigtingsverband te bewerkstellig. Eenheidsbestuur is een van die konsepte wat geïmplementeer is, maar die aanhoudingsyfers maak dit baie moeilik om eenheidsbestuur effektief toe te pas.

Aanhoudingsomstandighede is in baie gevalle onmenslik en dit druis direk in teen die Grondwet.

Lede se moraal is laag en dit beïnvloed die gehalte van die sorg wat aan gevangenes voorsien word. Daar word van Korrektiewe Dienste lede verwag om ’n voorbeeld te stel aan gevangenes, maar swak dissipline onder lede het ’n direkte impak op die dissipline van gevangenes.

Een van Korrektiewe Dienste se mikpunte is om elke lid ’n rehabiliteerder te maak. Ten einde hierdie doelwit te bereik, sal die oorbevolkingsprobleem eers verlig moet word. Binne eenheidsbestuur is individuele aandag aan gevangenes van kardinale belang, maar oorvol gevangenisse veroorsaak dat die lid/gevangene ratio baie hoog is en rehabilitasie onder sulke omstandighede bykans onmoontlik is.

Korrektiewe toesig as strafvorm kan ook baie meer deur howe toegepas word. Gemeenskapsvonnisse kan dien as vergelding binne die gemeenskap waar die

oortreding gepleeg is. Dit kan ook rehabilitasie bevoordeel en sodoende word die oogmerke van straf bereik.

In die verlede het die hele regsplegingsproses gefokus op die oortreder. Die Wet op Korrektiewe Dienste (Wet 111/1998) het hierdie tendens verander en die oortreder en die slagoffer kan nou bymekaar kom om die oortreding sowel as die skade wat daardeur aangerig is, te bespreek. Herstellende geregtigheid kan hierdeur bewerkstellig word en herinskakeling in die gemeenskap kan sodoende vergemaklik word.

Rehabilitasie binne inrigtingsverband is dus moontlik, maar alternatiewe vir gevangenisstraf moet gevind word om hanteerbare getalle gevangenes in aanhouding te hê.

Summary:

In this research project the overcrowding problem in South African prisons will be analysed as well as the influence it had on the rehabilitation of offenders.

The problem of overcrowding in South Africa's prisons is very clear when the approved accommodation of a prison is compared with the actual number of prisoners incarcerated.

Prison sentences are a favoured form of punishment throughout the world. More and more people seek alternatives to incarceration in order to reduce prison overcrowding.

The time to finalize criminal cases, releases on bail, the abolishment of minimum sentences and better utilization of community based sentences are some of the issues which can reduce overcrowding.

One of the concepts that was implemented to establish rehabilitation within prisons was Unit Management. The number of prisoners incarcerated makes it difficult for Unit Management to be effective. In some cases prisoners are kept under inhumane conditions which is a violation of the Constitution of South Africa.

Currently the morale of members of Correctional Services is very low and this has an influence on the way in which they treat prisoners. These members are supposed to be an example to prisoners but instead their bad behaviour has a negative influence on prisoner's discipline.

Correctional Services goal is to make every member a rehabilitator but overcrowding will first have to be reduced. Individual attention to prisoners is one of the building blocks of Unit Management but overcrowding of prisons creates a member/prisoner ratio which is far too high to be effective with rehabilitating prisoners.

Community based sentences can also be utilized more frequently by the courts. It can better rehabilitation possibilities and through this the objectives of punishment are met. In the past the focus of South African Law was on the criminal. With the Correctional Services Act (Act 111/1998) this focus was shifted to the victim as well. Both these parties can now come together and discuss the offence as well as the

influence it had on the victim. This is called restorative justice and it helps the offender with re-integration into the community.

## Key Terms:

Community Corrections, Community Re-integration, Corrections, Crime prevention, Offender, Overcrowding, Recidivism, Rehabilitation, Restorative Justice, Unit Management.